Tel: 053 0505 986
Sel: 072 140 8634
E-pos: admin@jakkies.com
sport@jakkies.com
skoolhoof@jakkies.com

JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

Piet Retiefstraat
Posbus 107
Jacobsdal
8710

**NUUSBRIEF: 8 (13 – 20 Maart 2026 )**

# *SPORT*

**TOER NA HARTENBOS**

Ons beplan om Sondag, 22 Maart om 05:30 die bus te pak en om 06:00 te vertrek.
Ons gaan probeer om Vrydag, 27 Maart om 16:00 terug te wees in Jacobsdal. Deurlopende kommunikasie sal op die groep met ouers geskied.
Die 5x R100 sakgeld koeverte met u kind se naam op, moet asb. by die kinders by Carine ingehandig word.
Die totale bedrag vir die toer moet teen Maandag, 16 Maart betaal wees. Alle donasievorms MOET terugkom skool toe en by Lanie ingehandig word, ook teen Maandag, 16 Maart.
Baie dankie vir al die skenkings (produkte / kruideniersware) wat ons ontvang het. Dit word opreg waardeer. Almal wat nog iets wil gee, kan dit asb. teen Maandag, 16 Maart by die boekstoor afgee.
Neem kennis: Die kinders hoef geen beddegoed saam te neem op die toer nie, dit word verskaf. ‘n Persoonlike kussing is toelaatbaar.

**RUGBY EN NETBAL**

Sterkte aan al die spelers wat die naweek by Staats se sportfees en Futurum se sportdag gaan deelneem. Hou Jakkies se naam hoog!

# *OUERS*

**SKOOL- EN KOSHUISGELDE**

Neem asb. kennis dat die skoolfonds R1625-00 per maand beloop.
Gebruik asb. u kind se naam en van as verwysing vir betaling van skoolfonds, sodat die betaling reg geallokeer kan word. Doen asb. so ver as moontlik EFT betalings. Wanneer “Bulk” betalings gedoen word, stuur asb. ‘n uiteensetting vir die finansiële kantoor by fin@jakkies.com om korrekte allokasie te verseker.

Betaal asb. skoolfonds in die skool se rekening:
FNB
Rek. no: 525 6134 7174

Betaal asb. koshuisgelde in die koshuis se rekening:
FNB
Rek no: 525 6000 6664

Baie dankie vir u samewerking in die verband.

**NEEM KENNIS**

Indien u kind na die eksamen nie terugkom skool toe vir die laaste week nie, moet u asb. die skool skriftelik in kennis stel per epos: admin@jakkies.com

**LOOTJIEPROJEK**
Baie geluk aan Mev. Leana Stander wat die gelukkige wenner van die trekking was op Donderdag, 12 Maart en met 'n prys ter waarde van R19 500 wegstap. Die wenners van die Top 3 leerders wat die meeste lootjies verkoop het, sal op Maandag, 16 Maart bekendgemaak word.

**KOSHUIS**
Ons versoek groot asb. dat leerders wat in die middae by die koshuis eet / bly, voor 10:00 in die oggend op daardie dag by die finansiële kantoor hul name sal opgee. Dit kos R60 per keer. Ons moet voor die tyd weet hoeveel dorpskinders daar sal wees. Dit is sleg om leerders weg te wys, omdat hul name nie opgegee is nie.
Geen leerder sal meer gehelp word as hul naam nie op die lys is wat deur finansies deurgestuur word nie. Enige leerder wat die koshuis wil gebruik vir die middag om te wag, moet die R60 betaal. Dit is dan die leerder se keuse of hy/sy wil eet of nie, maar as die leerder deur die koshuis se deure stap, moet hul betaal het by finansies.
Hoop almal verstaan en dankie vir julle samewerking.

## ***LEERDERS***

**TEAMBO 4 SCHOOL**
Ons het op Woensdag, 18 Maart ons jaarlikse Teambo 4 School spanbou sessie. Dit beloof om baie pret te wees. Dit is vir alle leerders vanaf gr R – 7. Ons vra groot asb. dat elke leerder 'n bydrae van R30 sal maak om hierdie geleentheid moontlik te maak.

……………………....
T.E. MOSTERT

## ***GEBEDSLYS:***

Merike Erasmus (oom oorlede)